

Die Matie, 18/5/81
“...’n VERLIGTE
DESPOOT”.



Prof. H.B. Thom was vanaf 1954 tot 1969 rektor van ons universiteit. Hy het hom beywer vir die totstandkoming van die Fakulteit van Geneeskunde, die uitbreiding van die Carnegie-biblioteek, die verbetering van die Universiteit se finansiële posisie, ens. Buite die Universiteit het hy ’n groot rol gespeel in die georganiseerde kultuurlewe van die Afrikaner. In ’n gesprek met Die Matie is hy o.a. gepols oor verwickeling aan die Universiteit tydens sy termyn as rektor.

ANDRICUS V.D.
WESTHUIZEN GESELS MET



Prof. H.B. Thom

Is daar enige hoogtepunt(e) van u termyn as rektor wat u steeds bybly? Daar is ’n hele aantal besielende hoogtepunte. Ek dink aan die vier nuwe fakulteite wat ons aan die Universiteit kon stig: Boshou, Krygs-kundé; en dan veral Geneeskunde en Tandheelkunde. Deur die toevoeging van hierdie fakulteite het Stellenbosch in werklikheid ’n groot universiteit geword. Ek dink ook aan die treffende Eeufees van die Universiteit (1966); aan die stigting en opbou van die Eerfeesfonds; aan die moeilike verkryging van die hele Coetzenburgplaas, met stappe wat selfs tot in die Parlement gevoer is; en dan bowenal, wat ek met groot waardering altyd sal onthou, aan vriendelike, hartlike samewerking met studente, insonderheid die Studenteraad.

Die vernaamste oorweging met die invoering van die eerstejaarstelsel was om dissipline in ons studentelewe, wat in koshuise en onder privaatstudente ’n laagtepunt bereik het, te herstel. Misbruike in verband met ontgroening, ’n proses wat ook vir “verwelkoming” deurgegaan het, het demoraliserend op ons studentelewe ingewerk, en ’n gesonde ontwikkeling van studentepotensiaal ernstig ondermyn. Ooglopende welslae is met die eerstejaarstelsel behaal, soos blyk o.a. met letterlik honderde waarderende briewe wat ek by die Universiteitskantoor ontvang het. Wat tot die afskaffing aanleiding gegee het, is nie vir my duidelik nie. Ek het maar net gehoor dat die stelsel glo moeilik was om te administreer, dat die oorspronklike oogmerke bereik was, en sulke dinge meer.

jongman aanspreek omdat hy ’n politieke vergadering vir ’n bokskryf aangesien het; jy moet ’n bottel by intervarsity laat afvat – maar owerigens het ons lekker klaargekom. Ek was lief vir die studente, en hul leiers het graag met my kom gesels. Ek weet party het my ’n “despoot” genoem, maar ander het darem gesê “’n verligte despoot”.

STUDENTESENTRUM

Wat was die rol wat u gespeel het in die totstandkoming van die Langenhoven Studentesentrum?

Ek het Langenhoven persoonlik geken en was steeds terdeë oortuig van die diepgaande betekenis wat hy vir Suid-Afrika, vir die Afrikaner, vir Stellenbosch en vir die studente van Stellenbosch gehad het. Daarom was dit vir my ’n ereskuld dat ons iets groots tot sy gedagtenis aan die Universiteit tot stand moes bring. Ons het eers aan die Langenhoven-Gedenksaal gedink, waarvoor die studente self al lank tevore fondse ingesamel het.

Gaandeweg het die behoefte aan ’n geskikte studentesentrum egter sterk na vore gekom, wat ek gereedlik aanvaar het en waarvoor ek my teenoor die Universiteitsraad en die Regering sterk beywer het. Fondse was lank ’n probleem, maar geleidelik het ons die owerheid simpatiek gestem; en wat die besonderhede van die sentrum self betref, het ons betekenisvolle vordering gemaak toe die huidige Viso-Rektor, prof. Roux de Villiers, op my versoek sameroeper van die betrokke komitee geword en sy taak met groot toewyding deurgevoer het.

Kan u die omstandighede skets wat aanleiding gegee het tot die skepping van eerstejaarskoshuise en die afskaffing daarvan?

Hoe is hierdie radikale verandering wat u voorgestel het, ontvang deur die studente?

Mag ek eers sê dat ons planne beïnvloed is deur waarnemings wat ek by ons eie universiteite en by ander Suid-Afrikaanse universiteite gadoen het, sook deur besoeke wat ek by ’n hele aantal buitelandse universiteite, veral die Universiteit van Princeton (in baie opsigte vergelykbaar met Stellenbosch), afgelê het. Ons studente het die nuwe stelsel eers vreemd gevind, maar nadat ek dit in al die koshuise gaan verduidelik het, het ons goeie begrip en samewerking gekry. In een koshuis, waar daar onder die leiding van ’n paar belhamels verset georganiseer is, moes ons ongelukkig sterk optree en in belang van die groot meerderheid die paar weerbarstige kwaadstokers met 24-uur-kennis van die Universiteit wegstuur.

PENARIES

Was daar tydens u rektorskap enige penaries waarin studenteaktiwiteite u laat beland het?

Nee, behalwe wat hierbo genoem is – aan die begin van my rektorskap – nooit iets ernstig nie. Daar was wel geïsoleerde dingeties: jy moet ’n twyfelagtige bydrae vir ’n studentepublikasie voorkeer; jy moet ’n lewenslustige

DR. D.F. MALAN

Waarom het u die boek oor Dr. D.F. Malan geskryf?

Dis nou op ’n ander terrein! Ek het die boek oor dr. Malan geskryf omdat ek hom altyd gesien het as ’n buitengewoon interessante mens, indrukwekkende leiersmens, onkreukbare karaktermens, inspirerende Afrikanermens. Daar was nie nóg één wat die selfrespek van die Afrikaner só opgebou het soos hy nie, op kulturele gebied, opvoedkundige gebied, sosiale gebied, politieke gebied – noem maar op. Natuurlik het hy ook sy swakhede gehad – en in my boek toon ek dit aan – maar so lank Suid-Afrika bestaan, so lank die Afrikanervolk daar is, sal die naam van dr. Malan onthou word, deur sommige met haat en nyd, maar deur ander, baie ander, met intense liefde en diepe dankbaarheid.

Het u Dr. Malan persoonlik geken? Ja, ek het dr. Malan persoonlik geken, baie goed geken. Ek het hom leer ken toe ek op Burgersdorp in Noordoos-Kaapland in 1915 pas begin skoolgaan het en hy my vader, wat op Stellenbosch sy tydgenoot was, kom

(Vervolg op bl. 11; kol. 4)

Matie gesprek met Prof. Thom:

vervolg van bl. 8

besoek het. Tydens die verkiesing van 1924 het ek meermale met mnr Paul Sauer en dr. Eben Dönges saamgery en dan ook by dr. Malan in Kaapstad uitgekóm. Nadat hy Kanselier van die Universiteit geword het (1941), en veral nadat hy op Stellenbosch kom woon het (1942), het my vrou en ek intieme vriende van dr. en mev. Malan geword. In dr. Malan se lewe het ek baie dinge van naby sien gebeur. My boek is nie soseer 'n gewone biografie van dr. Malan nie; dit verteenwoordig eerder 'n poging om hom aan die leser bekend te stel; en om dit te doen, het ek dinge in skrif vasgelê wat anders verlore kon gegaan het. Die boek mag dus as kontemporêre bron vir later historici nog heelwat waarde hê.

Dit is bekend dat u as kultuurleier 'n groot rol in Afrikanersake gespeel het. Wil u asb. meer hierop uitbrei?

Dit was vir my altyd 'n intense geestelike behoefte om my vir die Afrikaanse kultuurstrewe te beywer. My vader, wat 'n duidelike stempel op ons huisgesin afgedruk het, was van Skotse en Duitse herkoms maar het hom reeds vroeg ten volle met die Afrikanersaak vereenselwig, en ofskoon Koloniaal (uit die Paarl), het hy in die Anglo-Boereoorlog sy lot met die Vrystaters ingewerp. In die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (F.A.K.); waarvan ek baie jare voorsitter was, het ek 'n heerlike geestelike tuiste gevind; en aan baie ander Afrikaanse organisasies het ek geesdriftig saamgewerk: die Reddingsdaadbond, Ekonomiese Instituut, Kultuurraad, Kultuurvereniginge, republikeinse saamtrekke, organisasies vir moedertaalonderrig, en nog baie ander. Ek ag my gelukkig dat ek vandag nog voorsitter is van bv. die Hendrik

Verwoerd-Trust, die twee Jan Marais-Fondse, die Langenhoven-Gedenkfonds, en die dr. T.E. Dönges-Studiefonds.

STUDENTPOLITIEK

Sowat drie jaar gelede was daar 'n oproep van studente-kant dat hulle leiers meer politiese leiding moet gee. Hoe vergelyk studente se politieke standpunt vandag met dié wat u tydens u jare as student en as rektor ervaar het?

Ek dink dit is baie goed dat studente aktief in politieke vraagstukke belangstel; maar of hulle geroepe is om in dié aangeleenthede "leiding" aan te gee, is 'n ander saak. Hulle is egter wel geroepe om, ná deeglike studie en besinning, openhartig 'n mening uit te spreek, en aldus tot die vorming van leiding by bevoegde instansies en persone 'n bydrae te maak. In my studentedae het ons aktief meegedoen, en soms vooraanstaande politici (bv. genl. Smuts, sen. Frans Malan en mnr Joël Krige) na ons mening goed laat deurloop; en in my tyd as Rektor was die studente ook baie politiekbewus, selfs tot so 'n mate dat ek soms die rem moes aandraai. Maar op die politieke terrein was sake toe veel minder kompleks as nou. Miskien het studente vandag 'n groter betrokkenheid; en dit is ook goed só, mits – en dis 'n groot "mits" – wetenskaplike objektiwiteit en wellewende menslikheid steeds seëvier. Dit gaan immers om beginsels, om argumente en standpunte, en nie om persone nie. Ons denke moet altyd *de jure* en *de facto* gerig wees, en nooit *ad hominem* nie. Hierin lê per slot van rekening die essensie van studentwees.